

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 24 April 2022

VOTUM EN SEËNGROET:

Toe die Here die lot van Sion
verander het,
was dit vir ons soos 'n droom.

²Ons het gelag en gesing.
Onder die nasies het hulle gesê:
“Die Here hét groot dinge
aan hierdie mense gedoen.”

³Die Here hét groot dinge
aan ons gedoen;
ons was bly.

⁴Verander tog ook nou ons lot, Here,
soos U droë spruite in die Suidland
in waterstrome verander.

⁵Wie met trane saai,
sal die oes met gejuig inbring.

⁶Al loop hy en huil
terwyl hy die saaisak dra,
hy kom juigend terug
terwyl hy sy gerwe dra.

SKRIFLESING EN GEBED:

Teks: Sagaria 6:9-15

Tema: 'n Man met die naam Loot! (Nuwe Koning kom)



Simboliese handeling: maak 'n koningskroon

Dis vroeg die volgende dag en daar is nog 'n finale simboliese handeling wat Sagaria moet gaan uitvoer,

“Gaan vandag nog na die huis van Josia seun van Sefanja toe waar die ballinge Geldai, Tobija en Jedaja uit Babel aangekom het en kry by hulle silwer en goud.

- **Kroon:** Maak dan daarvan 'n kroon en sit dit op die kop van die hoëpriester Jesua seun van Josadak.
- **Loot:** Dan moet jy vir hom sê: So sê die Here die Almagtige: *Daar is 'n man met die naam Loot . Hy maak vinnig opgang en hy sal die tempel van die Here bou.*” (Sagaria 6:9-12)

'n Man met die naam “Loot”.

- Sagaria verwys na 'n persoon met die vreemde naam, “Loot” wat vinnig opgang gaan maak en 'n tempel sal bou.
- “Loot” beteken klein takkie of 'n groen sprietjie wat uit droë grond uitkom.
- Daar is verskeie verwysings in Jesaja, Jeremia en Sagaria na 'n persoon met die naam “Loot”.
- Die naam is nie 'n verwysing na Serubbabel nie, maar wel na die Messias. Ons kyk vanoggend na die twee beelde van die Messias, nl. Die lydende Messias met sy doringkroon en die regerende Messias met sy koningskroon:

1. Die lydende Messias met sy doringkroon (Jesaja 53)

1.1 Jesaja 53: plaasvervangend!

- **Droë grond:** Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond.
- **Voorkoms:** Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie.
- **Uitgeworpene:** Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.



- **Plaasvervangende lyding:** Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.
- **Plaasvervangende sterwe:** Oor ons oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.

1.2 Sagaria: versoenend (Sagaria 3:6-10)

- **Loot:** Luister, Jesua, hoëpriester, jy en jou vriende wat voor jou sit: jou vriende is 'n teken van iets wat kom: **“Ek gaan my dienaar Loot nou bring”**.
- **Rots:** Ek sit voor Jesua 'n klip neer, en op hierdie een enkele klip is daar sewe oë. Ek gaan nou 'n graveersel daarop aanbring: **“Ek gaan die sonde van hierdie land op een enkele dag wegneem”**.
- **Blywende harmonie:** Daardie dag, sê die Here die Almagtige, sal die mense weer rustig oor en weer na mekaar roep onder die wingerdstokke en die vyebome. (simbool van voorspoed en vrede)

Pontius Pilatus: Toe het Jesus buitentoe gekom, nog so met die doringkroon op en die pers mantel aan. Pilatus sê toe vir hulle: **“Dit is die mens”**. (Johannes 19:5)

2. Die nuwe koning kom: die regerende Messias met sy koningskroon. (Sag 6:12-15)

- **Opgang:** Dan moet jy vir hom sê: So sê die Here die Almagtige: Daar is 'n man met die naam Loot . Hy maak vinnig opgang.
- **Tempel:** Hy sal die tempel van die Here bou. Dit is hy wat die tempel van die Here sal bou. Mense sal van ver af kom en aan die tempel van die Here bou.
- **Die Messias is Priester en Koning.**
 - **Koning:** Dit is hy wat die mag sal besit, wat op die troon sal sit en sal heers.
 - **Priester:** 'n Priester sal saam met hom regeer



- **Volmaakte harmonie:** Daar sal vriendelike oorleg tussen hulle twee wees.

“My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie,” antwoord Jesus. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.” “Dan is jy tog wel ’n koning?” vra Pilatus. “Dit is soos u sê: Ek is ’n koning,” antwoord Jesus (Johannes 18:36,37)

Op Paasfees het die koninkryk van Christus, die nuwe tempel soos ’n klein lootjie uitgespruit. Met Pinkster het hierdie loot begin groei tot die grootste koninkryk op aarde. Hierdie koninkryk gaan eendag bestaan uit ’n ontelbare skare,

“Hierna het ek ’n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande. ¹⁰Hulle het hard uitgeroep: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!” (Openbaring 7:9,10)

SEËNBEDE:

²⁴Die Here sal julle seën
en julle beskerm;
²⁵die Here sal tot julle redding
verskyn
en julle genadig wees;
²⁶die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee! **AMEN!**

OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer



NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens).

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za



Wonderliggie Mark

BIED AAN

Demi-Lee Moore

26 Augustus 2022

18:00 vir 19:00

NG Kerk Wonderpark

Buitelug Arena

R100 p/persoon

Kinders 0-6 gratis

Vir kaartjie aankope of meer inligting

012-549 1340

071-915 5136

Wondertiggie Skaapbraai Kuieraand

Buitelugvertoning met Kunstenaar

Gary Forwood

Saterdag 27 Augustus 2022 • 18H00

Wonderpark Buitelug Arena

R100 per persoon

Kaartjie sluit Skaapbraaivleis,

Slaai en Brood in

Eie drinkgoed welkom

Vir kaartjie aankope of meer inligting

Kerkkantoor 012 549 1340

Martie 061 582 4730

Charmaine 071 915 5136

Veilige parkering: NG Wonderpark

Berglaan 1849, Amandasig Akasia

